Enkele opmerkings oor pupilskap

J P Vorster, Pretoria-Balie

NA aanleiding van my ervaring as pupil gedurende die tweede helfte van 1987 kan ek verklaar dat ek 'n oorwegend positiewe indruk van pupilskap as instelling het. Ek verskil dus van skrywers soos A C Beck wat in 1982 *De Rebus* 315 betoog het dat die Nasionale Balieraadeksamen 'n onnodige hindernis in die weg plaas van persone wat voldoen aan die statutêre vereistes vir die toelating van advokate. Beck beweer dat die eksamen onnodig is omdat 'n persoon wat onbevoeg is om te praktiseer as advokaat in ieder geval deur die eise wat die praktyk stel uit die beroep uitgewerk sal word. Myns insiens sien Beck die belange van die publiek heeltemal oor die hoof. Min verbeelding is nodig om te besef in welke mate 'n onbevoegde advokaat die belange van sy kliënte kan skaad terwyl hy besig is om homself uit die beroep uit te werk.

Ook prof Church noem in 'n intreerede waarna elders verwys word, sekere kritiek op die stelsel van pupilskap. Prof Church skep die indruk dat uithouvermoë die vernaamste kwaliteit is wat deur die Nasionale Balieraadeksamen getoets word. Hoewel die agtuur vraestel wat aan regsgeskrifte gewy word, gewis uitputtend is, word die praktiese werklikheid effektief daardeur gesimuleer. Kandidate wat nie daarin kan slaag om binne die gegewe tyd en met alle regsbronne tot hulle beskikking sinvolle pleitstukke op te stel nie, sou myns insiens ook nie die mas in die praktyk kon opkom nie. Die ander vier skriftelike vraestelle oor mosiehofpraktyk, etiek, siviele verhore en straf- en bewysreg is elk slegs een uur lank en is dus glad nie daarop ingestel om die uithouvermoë van kandidate op die proef te stel nie. 'n Verdere beswaar wat deur prof Church vermeld word, is dat pupille se meesters se vermoëns en praktyke uiteenloop (vergelyk ook A Chaskalson, SC 1985 *De Rebus* 116). Ek stem saam dat hierdie feit daartoe bydra dat pupille nie almal dieselfde standaard van onderrig ontvang nie. Die mate waarin 'n pupil se vordering beinvloed word deur die vermoëns van sy meester hang egter in 'n groot mate af van die inisiatief wat die pupil self aan die dag lê. Dit neem nie vir pupille veel tyd in beslag om vas te stel watter advokate staat-



makers is op sekere gebiede nie en ek dink dat pupille dit aan hulself verskuldig is om by sulke advokate aan te klop om hulp, ongeag of daardie advokate toegewys is as meesters of nie.

Ek meen dat die heilsaamheid van pupilskap onbetwisbaar is in die geval van persone wat geen of weinig praktiese ondervinding het. Die etiek van die beroep is dikwels nie vir nuwelinge vanselfsprekend nie. Vier maande se blootstelling daaraan tesame met blootstelling aan die lewende siviele prosesreg wat nóg vir die nuweling, nóg vir die kliënt risiko van benadeling inhou, help die kandidaat om die kloutjie by die oor te kry. Aan die ander kant kan bedenkinge geopper word oor die sinvolheid van pupilskap vir persone wat reeds aansienlike praktiese ervaring opgedoen het. Sodanige persone behoort aangemoedig te word om aansoek te doen om vrystelling van sekere aspekte van die pupilskap en dit sou goed wees as die Balieraad 'n aanpasbare vrystellingsbeleid sou toepas. Ek sou die voorafgaande kon saamvat deur te sê dat tot tyd en wyl die bestaande struktuur van regsopleiding verander word soos deur prof Church in haar intreerede beoog, pupilskap vir voor-

*The following is an extract from "Reflections on Legal Education" an inaugural lecture by Professor Joan Church delivered at the University of South Africa on 10 September 1987.**

". . . . . practical/professional training for advocates consists solely in a four-month pupillage. The system was initiated in the early seventies in conjunction with, since 1980, a national and uniform bar examination undertaken on a regional basis. Under the supervision of a Master, pupil advocates are required to participate in a specified number of civil and criminal trials and application proceedings. Although the Master must submit a report on the pupil's competence, there is no on-going and progressive system of evaluation of the kind recognised by educationalists as being necessary for training in practical skills. The four-month period culminates in an arduous four-day oral and written examination and while endurance no doubt is important in the life of a busy practitioner, it seems the examination is a mammoth test of endurance. While the introduction of pupillage clearly is a progressive step towards the education of competent lawyers, the system has also been criticised. In 1984 at a conference on legal education, misgivings about the present system were expressed thus:[41] the Bar was not really organised to conduct the professional training of lawyers, and while it appointed a master for each pupil, the nature of masters' practices differed as did their respective abilities. Moreover (and understandably) some were less willing than others to take pupils. For these reasons pupils did not enjoy uniformly good training."

[41] By Mr L T C Harms, SC, (as he then was) an eminent member of the Pretoria Bar and member of the National Board of Examiners .

*The full text is to be published shortly in THRHR

nemende advokate sonder praktiese ervaring 'n noodsaaklikheid is.

Een sy van pupilskap wat my persoonlik pla, is dat pupille toegelaat word om op *pro Deo* basis beskuldigdes wat teregstaan weens halsmisdade te verdedig. Myns insiens behoort hierdie werk onderneem te word slegs deur advokate wat reeds lede van die onderskeie Balies is. My beswaar is gebaseer op die oorweging dat "justice must *be seen* to be done". Dit het al gebeur dat pupille wat beskuldigdes op *pro Deo* basis verdedig, nie in die Nasionale Balieraadeksamen slaag nie. Dit moet 'n wrang smaak in die mond van 'n terdoodveroordeelde laat indien hy sou uitvind dat daar op 'n later stadium bevind is dat die advokaat wat hom verdedig het oor onvoldoende kennis van die praktyk beskik.

Vergun my om af te sluit met 'n paar wenke aan voornemende kandidate vir die Nasionale Balieraadeksamen:

1 Verduur die leedvermakerigheid van meer senior kollegas (dikwels is dit diegene wat begin praktiseer het voordat die eksamen ingestel is!) maar gelate. Hulle poog om 'n tipe humor te beoefen wat waardeer kan word slegs deur diegene vir wie die eksamen geen bedreiging is nie.

2 Benut die vier maande tydperk ten volle. Woon soveel lesings, hofsittings, konsultasies en voorverhoorkonferensies by as moontlik. Stel pleitstukke op wanneer jou meester ook al opdrag kry om dit te doen en vergelyk dan jou poging met die finale produk wat deur jou meester uitgestuur word.

3 Moenie jou blind staar teen die sillabusse van die verskillende vakke nie. Dit gebeur nou en dan dat die eksaminatore hulle nie gebonde ag aan wat in die sillabus voorgeskryf is nie. Indien so 'n onverwagte vraag sou opduik, bly kalm en wend 'n poging aan om dit te beantwoord. My indruk was dat sulke vrae gevra word bloot om te toets hoe 'n kandidaat reageer in 'n onverwagte situasie.

□

TOO MANY BOOKS!

I for my part, have always been of the opinion that enough books have already been brought into the light of day and it is almost impossible for the present generation to seize on what has escaped the diligence of an earlier age.

from Matthaeus De Criminibus
In the 17th Century (Preface pD)

A UNIVERSAL AND TIMELESS PROBLEM

"You're doing wrong my friend to blame the wine,
It's dumb and cannot plead its case.
Besides good men and true should exercise control,
Wine's man's slave and not vice versa.
A worthless man's still worthless, drunk or not.
Don't blame the wine for flaws and faults inborn."

Matthaeus De Criminibus
In the 17th Century referring to Plautus' Truculentus *(829-833)* at p. 25.